higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

(7080126)

**6 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... vaardighede is nodig om fisiese take, soos om 'n fiets te ry, te kan verrig.

A Sosiaal-emosionele
B Perseptueel-motoriese
C Kognitiewe

1.2 ... is die vermoë om tussen verskillende getallesimbole te onderskei.

A Visuele diskriminasie in Wiskunde
B Ouditiewe diskriminasie
C Visuele diskriminasie in lees en skryf

1.3 Die dagsorgfasiliteerder stel nuwe inligting in die ... van die les bekend.

A inleiding
B inhoud
C samevatting

1.4 Kennisgewingsborde vir kinders se projekte en kreatiwiteitsaktiwiteite ...

A moet naby die ingang geplaas word waar ouers hul kinders aflaai en optel.
B is 'n goeie manier om kinders se werk ten toon te stel, goeie gedrag te beloon en vakansies en die seisoene te vier.
C behoort in die dagsorgfasiliteerderpersoneelkamer te wees.

1.5 Sterk skakerings van ... kan die brein stimuleer en 'n energiewekkende uitwerking op die liggaam hê.

A swart en wit
B rooi, geel en oranje
C blou, groen en pers

1.6 Tydens aktiwiteite van ritmiese beweging ...

A is dit nodig dat kinders moet slaap.
B neem AL die kinders nie deel nie.
C kan party kinders verkies om te kyk en nie deel te neem nie.

Kopiereg voorbehou 

1.7 Slaapliedjies ...

A is gepas aan die einde van 'n les wanneer dit tyd is dat die kinders ná 'n aktiwiteit afkoel.
B word altyd saam met instrumentele begeleiding gesing.
C staan as volksliedjies en -danse bekend.

1.8 Suid-Afrika se nasionale blom is die ...

A galjoen.
B koning protea.
C roos.

1.9 Kinders kan hul eie konstruksies met ... integreer.

A kammaspel ('pretend play')
B 'n skoolgereedheidsaktiwiteit
C die oggendkring

1.10 Pers is 'n sekondêre kleur wat verkry word deur ... te meng.

A geel en rooi
B blou en rooi
C geel en blou

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2**

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Drie klappe, twee voetstampe en een knieklap | A | fyn motoriese ontwikkeling |
| 2.2 | Kind se vermoë om materiaal te deel, beurte te maak, ander se idees te respekteer en gemaklik saam met 'n portuurgroep te werk | B | springbok |
| 2.3 | Kind se vermoë om 'n bak knope te neem en dit op grond van kleur, grootte, vorm en materiaal in groepe te sorteer | C | fantasie- of skynspel |
| 2.4 | Kind se vermoë om 'n sker korrek vas te hou en langs 'n reguit of effens geboë lyn af met matige akkuraatheid te knip | D | ontdekking van hoe die wêreld werk |
| 2.5 | Die nasionale dier van Suid-Afrika | E | verbetering van balans en koördinasie |
| 2.6 | Kind se vermoë om hul dagsorgfasiliteerder se woorde akkuraat te vertolk terwyl sy nuwe begrippe verduidelik en leiding oor verwagte gedrag gee | F | niebewegingsritmes |
| 2.7 | Kind se vermoë om maklik teen 'n leer met vier of vyf sporte op te klim | G | letter- en woordbewustheid |
| 2.8 | Kind se vermoë om kuns te waardeer en krities te evalueer | H | wiskunde- en getallebewustheid |
| 2.9 | Kind se vermoë om 'n voorwerp teen 'n besige agtergrond raak te sien | I | intellektuele, fisiese en sosiaal-emosionele vaardighede en taal |
| 2.10 | Kind se vermoë om 'n stem of klank uit 'n raserige omgewing te kan identifiseer | J | groot motoriese ontwikkeling |
| 2.11 | Kinders gaan gister, vandag en môre se weer na | K | visuele figuur-grond-persepsie |
| 2.12 | Kinders kan hul eie konstruksies met scenario's integreer | L | sosiale en emosionele ontwikkeling |
| 2.13 | Kind se vermoë om hul klasmaats se name, wat oral in die speelkamer opgeplak is, te herken | M | estetiese ontwikkeling |
| 2.14 | Blokspel stimuleer leer op terreine van ontwikkeling | N | ouditiewe figuur–grond-onderskeiding |
| 2.15 | Aktiwiteite van ritmiese beweging | O | weerkaart |
| | | P | ouditiewe verwerking |

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Deur die primêre kleure geel en blou saam te meng, word die sekondêre kleur groen verkry.

3.2 Wanneer ouers geskakel word of hulle ontmoet word om 'n probleem te bespreek, moet jy met die goeie nuus begin, dit wil sê gee eers positiewe terugvoering.

3.3 Tydens blokspel begin vier- en vyfjariges om idees te deel en om saam met ander te werk en te bou.

3.4 Blokspel bied aan kinders geleenthede vir kreatiewe en verbeeldingryke spel; bykomstighede is dus nie nodig om hierdie aktiwiteit te ondersteun en/of aan te por nie.

3.5 Geskrewe lesplanne en aktiwiteitskedules is nie op voorskoolse vlak nodig nie.

3.6 Dagsorgfasiliteerders wat oopeindevrae stel, moedig addisionele gesprekke en geleenthede aan om die kinders se denkprosesse te verruim.

3.7 Die dagsorgfasiliteerder kan aktiwiteite op verskeie maniere uitvoer: individueel vir elke kind, in groepies en/of vir elke klas in die geheel.

3.8 Gereelde kontak met ouers gedurende die voorskoolse jaar behoort slegs formeel plaas te vind.

3.9 Voorbeelde van groepsaktiwiteite is musiek, beweging, stories en vryspel.

3.10 Die materiaal in die manipuleringshoekie stel die kinders in staat om hul fyn motoriese vaardighede asook hul wiskundevaardighede soos om te tel, te meet, hoeveelhede te vergelyk en vorms en geskrewe getalle te herken, te ontwikkel.

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4

4.1 Wat sou jy doen om ouers te help om modderspel te aanvaar? (7 × 2) (14)

4.2 Verduidelik die punte wat jy in gedagte moet hou wanneer jy modderspel beplan. (5 × 2) (10)

4.3 Verduidelik die waarde van fantasiespel betreffende die volgende:

4.3.1 Ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede

4.3.2 Ontwikkeling van taalvaardighede

4.3.3 Ontwikkeling van denkvaardighede

(3 × 3) (9)

4.4 Noem die artikels wat vir die fantasiehoekie geskik is. (7)

4.5 Verduidelik die punte wat jy moet onthou wanneer jy 'n kind se vordering met hul ouers bespreek. (10)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Noem en beskryf die punte wat jy in aanmerking moet neem wanneer jy 'n uitstappie na 'n diereplaas beplan. (10)

5.2 Verduidelik die punte wat jy in aanmerking moet neem tydens die uitstappie na die diereplaas. (10)

5.3 Wat moet jy in gedagte hou wanneer jy kinders tydens bewegings- en musiekkringe waarneem? (5 × 2) (10)

5.4 Noem VYF liggaamsperkussieklanke wat jy tydens 'n musiekkring kan insluit. (5)

5.5 Wat moet die dagsorgfasiliteerder in aanmerking neem wanneer 'n buitelug-bewegingskring met apparaat en toerusting vir driejariges beplan word? (10)

5.6 Noem VYF aktiwiteite wat vir voorskoolse kinders op 'n reëndag aangebied kan word. (5)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6**

6.1 Watter voordele kan dit vir klein kinders inhou om musiekinstrumente te bespeel? (10)

6.2 Watter voorstelle sal jy aan ouers maak om hul kinders aan musiek by die huis bloot te stel? (5 × 2) (10)

6.3 Bespreek DRIE kreatiwiteitsaktiwiteite wat jy met kinders in die senior groep kan doen ná 'n uitstappie na die brandweerstasie. (3 × 2) (6)

6.4 Wat is die doel van plakkate vir ouers? (4)

6.5 Verduidelik die voordele daarvan om troeteldiere by 'n kleuterskool aan te hou. (5 × 2) (10)

6.6 Watter uitdagings hou dit in om troeteldiere by 'n kleuterskool aan te hou? (5 × 2) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou